Noordelike Sinode

TAAKSPAN KOMMUNIKASIE
Verslag

1. Opdrag

Om te besin hoe om die kommunikasie binne die Noordelike Sinode te verbeter.

2. Taakspan

Taakspanleier: Dewald Roux

Taakspanlede:

Hannes Bezuidenhout, Rikus Delport, Carli Fourie, Paullet Grobler, Paul Grobler (ampshalwe), Dewald Niemandt, Rehan Rheeder, Lizl-Louise Schoeman, Nioma Venter, Lizette Wessels.

3. Uitvoering van die opdrag

Die benadering het die volgende stappe ingesluit:

-Verstaan die huidige situasie deur ‘n opname te doen om vas te stel hoe huidige kommunikasie benut word en watter kommunikasie voorkeure bestaan.

-Gebruik die uitkoms om aanbevelings te maak aan die taakspan.

-Taakspan bespreek die uitkoms en maak verdere aanbevelings.

-Implimenteer aksie ter ondersteuning van die opname, die aanbeveling die taakspan se insette.

Databasis
Tans is daar 400 belanghebbendes se besonderhede op die sinode se databasis, waarvan 266 hul inligting bevestig of opdateer het, asook aan die sinode toestemming gegee het om met hul te kommunikeer via ’n voorkeurkanaal.

Sinode se nuusbrief
Die Verskil word sedert 17 Oktober vanuit die databasis uitgestuur. Gemeentes en ander diensorganisasies neem aktief deel aan die saamstel van die inhoud en word deurgaans aangemoedig om insette te gee.

Sosiale media
Die sinode se Facebook en Instagram blaaie is aktief en veral die Facebookblad word gereeld besoek.

Sinode se webblad
Die inligting op die sinode se webblad word stelselmatig opdateer en skakels na die onderskeie blaaie word dan met belanghebbendes gedeel.

4. Aanbevelings

Altesaam 24 aanbevelings is gemaak. Hieronder volg ’n opsomming van die aanbevelings.

TEGNOLOGIE

Verbeter toegang, platforms en digitalisering

- Optimaliseer “WhatsApp” as primêre kanaal
- Behou “E-pos” vir formele kommunikasie
- Ontwikkel en onderhou ’n “toeganklike, soekbare webtuiste”
- Verskaf kalender, kontakinligting, jeugmateriaal, korporatiewe bestuursinligting
- Nuusbrief-tegnologie wat interaksie toelaat en stroombelynde verspreiding

MENSE

Vaardighede, verantwoordelikheid en kultuur

- Vestig eienaarskap by leraars, leiers en kerkkantore
- Segmentering van kommunikasie volgens voorkeure van kommunikasiekanaal, rol en ouderdom
- Stel gemeentes in staat om te filter en sodoende slegs relevante inhoud met lidmate te deel
- Opleiding in digitale platforms en reputasie-risiko bestuur
- Vestig ’n kultuur van tydige reaksie en betrokkenheid

PROSES

Ritme, beleidsrigting en voorspelbaarheid

- Ontwikkel ’n 3-jaar kommunikasieplan asook kommunikasiebeleid
- Skep duidelike voorspelbaarheid oor inhoud, frekwensie en kanale
- Vroeg-week kommunikasie vir spertyd-gedrewe take
- “WhatsApp” waarskuwing vir dringende e-posse
- Inhoud skoonmaak: fokus op relevansie, voorkom oorlading

5. Slotwoord

Die Noordelike Sinode se kommunikasie moet tegnologies slim, mens-gesentreerd en proses-gedrewe wees om beter aansluiting en samewerking te verseker.

Die tegnologiese grondwerk is reeds gelê om ’n doeltreffende en gefokusde kommunikasie-stelsel moontlik te maak. Hierdie stelsel sal deurlopend verfyn en verbeter word om seker te maak dat inligting maklik toeganklik is, goed georganiseer word en in ’n gebruikersvriendelike formaat beskikbaar is.

Terselfdertyd word veranderingsbestuur- en betrokkenheidsaspekte doelbewus hanteer om te verseker dat alle belanghebbendes ingesluit word en die waarde van die nuwe benadering ervaar.

Die proses het nou oorgegaan in ’n dag-tot-dag implementeringsfase, waar kommunikasieprosesse gevestig en verbeter word onder leiding van die Kommunikasiebeampte, Elmarie Jooste.